HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

Omsendbrief 55/25 — 16 Oktober 2025

Geagte Ouers

**GOEDGEKEURDE 2026-BEGROTING**

Met groot dankbaarheid en opgewondenheid kan ons terugkyk na 'n merkwaardige mylpaal in ons skoolgemeenskap se geskiedenis. Gisteraand se Algemene Jaarvergadering (AJV) was nie net 'n sukses nie – dit was geskiedkundig. Vir die eerste keer in langer as tien jaar het ons 'n kworum van 15% bereik (meer as 10% wat nodig was), met 'n ongelooflike opkoms van 190 ouers. Hierdie betrokkenheid getuig van 'n gemeenskap wat omgee, wat inskakel en wat saam 'n toekoms vir ons kinders en ons skool help vorm.

Ons wil opreg dankie sê aan elke ouer wat dit moontlik gemaak het deur teenwoordig te wees. U deelname gee nie net lewe aan ons demokratiese prosesse nie, maar versterk ook die fondament van vertroue en samewerking waarop ons voortbou.

Ons is verheug om te bevestig dat die voorgestelde begroting met oorweldigende steun op 15 Oktober 2025 goedgekeur is. Hieronder volg die goedgekeurde skoolfonds vir 2026:

## GOEDGEKEURDE BEGROTING

| | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|---|
| Skoolfonds | R39 284 | R43 212 | **R45 010** | **R47 575** |
| | 9% | 10% | **4%** | **5.7%** |
| Verhoging | R3 244 | R3 928 | **R1 798** | **R2 565** |
| Aanvangsheffing | R1 500 | R1 500 | **R2 000** | **R2 200** |
| Maandeliks (11) | R3 435 | R3 792 | **R3 910** | **R4 125** |
| Verhoging p/m | R309 | R357 | **R118** | **R215** |



R200 addisioneel op die aanheffingsheffing uitsluitlik vir kapitale verbetering

- **Parkeerarea oorkant astro**
- **R150 000**

1. Skoolgelde beloop voortaan **R47 575** per leerder vir 2026 wat slegs 'n **5.7%-**verhoging is.

2. ‘n Aanvangsbetaling van **R2 200** per leerder (ingesluit by die bedrag van R47 575) sal voor 30 November 2025 betaalbaar wees. Alle leerders (ingesluit die wat vir vermindering gaan aansoek doen, beurshouers en onderwysers) moet dit betaal, ongeag.
   Die R200 verhoging van hierdie bedrag sal na ’n kapitalefondsrekening geallokeer word en sal uitsluitlik vir die plaveisel oorkant die astrobaan aangewend word.
3. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Desember 2025 ten volle vereffen, is op 5%-korting geregtig.
4. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Januarie 2026 ten volle vereffen, is op 2,5%-korting geregtig.
5. Indien ouers reeds vir beurse/vermindering van skoolgeld kwalifiseer, sal punt 3 en 4 nie op u van toepassing wees nie.
6. Skoolgelde is vanaf Januarie tot November **vooruit betaalbaar** in **11 gelyke paaiemente van R4 125 (R47 575 – R2 200**), met ander woorde skoolfonds is betaalbaar op 1 Januarie 2026 tot 1 November 2026 **+ R150 (vrywillig)** per maand vir die **“MyKindVarkieFonds”.**
7. Alle gelde wat inbetaal word, word eers teen agterstallige skoolgelde aangewend, dus sal geen leerder aan enige ander aktiwiteite/toere/kampe/matriekafskeid (nie verpligte skoolaktiwiteite) kan deelneem **<u>indien die skoolfonds nie op datum betaal is nie en waar daar geen afbetalingsooreenkoms aangegaan is waarby u gehou het nie</u>**. Neem asseblief die vrymoedigheid om betyds met die skool kontak te maak om so ’n situasie te vermy sodat al ons kinders hierdie aktiwiteite kan bywoon.
8. Die skool verkies dat die betaling van skoolgelde per debietorder geskied. Ander betalingsmetodes wat aanvaar word, is elektroniese betalings, debiet- of kredietkaartbetalings.
9. Kragtens Artikel 40 en 41 van die Skolewet, mag die skool die betaling van hierdie verpligte skoolgelde afdwing.
10. Gebruik asseblief u FAMILIEKODE met betaling om allokasie te vergemaklik. Die familiekode en bankbesonderhede verskyn op u skoolfondsrekeningstaat.
11. Vrystellingsvorms is vanaf 1 Desember 2025 per afspraak by me. N. Esterhuysen beskikbaar. Geen vorms sal elektronies uitgestuur of ontvang word nie. Om ’n afspraak te maak, stuur gerus ’n e-pos aan me. G. Hattingh by g.hattingh@hscenturion.co.za.
12. Die oorspronklike, volledig voltooide aansoekvorms, asook alle stawende dokumentasie, moet per afspraak op die laaste teen 28 Februarie 2026 by me. M. Wolhuter debiteure@hscenturion.co.za ingehandig word. Neem kennis, dat geen vorm verwerk sal word indien dit nie volledig ingevul is met **albei biologiese ouers** se inligting nie. (Albei ouers, ongeag hulle huwelikstatus, egskeidings- of onderhoudooreenkoms is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgelde.) Alle aansoeke wat na hierdie datum ingedien word, sal slegs vir pro rata-korting bereken word en geen vorm sal na 31 Oktober 2026 meer aanvaar word nie.
13. Ouers/Voogde wat versuim om maandelikse paaiemente voor die 7de van elke maand (of binne 7 dae soos per debietorder of getrefde reëlingsdatum) te betaal, sal met 11.75%-mora-rente per jaar op hul agterstallige rekening belas word. Die skool sal ook streng prosedures volgens die wet volg en ouers sal geswartlys word. Indien ouers nie aan ons versoeke en kommunikasie gehoor gee nie, sal ouers se rekening aan prokureurs vir die nodige stappe oorhandig word.

Ons doen weereens ’n beroep op ons ouers om die skool ten opsigte van skoolfondsbetalings te kontak indien daar enige uitdagings is.

Ons vra ook dat nog meer ouers betrokke by die skool sal raak sodat ons die skool en gemeenskap saam beter kan ondersteun.




Dankie dat ons nou met selfvertroue kan voortgaan met ons beplande projekte, instandhouding en onderwysverbeterings – alles tot voordeel van ons leerders en die breër skoolgemeenskap.

Ons Woerie-gemeenskap – ons maak ons merk as Woerie-ambassadeurs!

Vriendelike groete.

________________________

**ME. S. TALJAARD**
**TESOURIER**